

29 Desember

Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:6-13

Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:13

Weet verseker: Jy wat in Christus glo, het die ewige lewe!

Die verrassing waarmee hierdie verse begin, is dat Jesus Christus na ons gekom het. Hy, sy Vader en sy Gees het gesien ons is dood. Hy kom deur die water (die doop, waar Hy in diens gestel word) en die bloed (sy kruisdood en opstanding) na ons om ons nuwe lewe te gee. Daarvan is die Heilige Gees die getuie en die Gees is die waarheid. Hy bring die boodskap as die volle waarheid. Die drie getuiens – die doop, dood (opstanding) en Heilige Gees – se getuienis stem ooreen. Die getuienis gaan oor Jesus, die Seun van God. Die Seun van God is die Lewe. Hy het deur sy opstanding die ware, hemelse lewe verwerf en deel dit uit.

Wie die Seun het, het die lewe. Wie in Jesus Christus glo, het die Seun. Hy/sy het Christus toegeëien, omhels, lewe in 'n persoonlike verhouding met Hom. Daarom sê die Here: Weet verseker. Jy moet absolute geloofsekerheid hieroor hê, want dan is jy en leef jy anders. Weet verseker, alles wat in die evangelie en hierdie brief geskrywe is, verseker ons dat ons die ewige lewe het. Ons *het* die ewige lewe, nie ons sal dit na die dood kry nie. Die ewige lewe is Christus se lewe, is die nuwe, hemelse lewe wat deur die kanaal van die geloof van Christus af na ons toe vloei.

Ons nuwe lewe laat ons anders wees, lyk en doen. Ons weerspieël nou Christus se lewe. Ons dink al meer anders, praat al meer anders, doen anders, want ons volg Christus se woorde en optrede na. 'n Wonder van God het plaasgevind. Die hemelse lewe begin al meer en meer in ons deurslaan, totdat dit finaal deurbreek wanneer ons die ou lewe in ons sterwensoomblikke finaal aflê.

Sing: Psalm 16:3 (2001-omdigting)

Prof. BJ de Klerk (Emeritus)